

Sondag 28 Oktober 2001

Feesdienste: Hervorming & nuwe liedboek

Voorlopige program

Wie	Wat	Detail	Bord/klank
			Hennie Dirk
	Musiek	Snitte 6,21,22,23,25,26,27,28 van Nuwe-liedboek-CD	CD1
	Reëlings	Baie welkom Vanoggend: Hervormingsfees en inwyding van nuwe liedboek. Vanaand: Inwyding van kerkgebou. Afkondig: Weggeedag / senior burgers / tee vanoggend Meeste liedere uit nuwe liedboek - enkele ander liedere	
	Musiek	Gregorio	CD2
		HERVORMING: MARTIN LUTHER	
Oom Jannie Hennie	Voorlesing	Dit was 31 Oktober 1517. Dit was 'n lang en moeilike besluit. Martin Luther het alles probeer om die kerk te oortuig dat hulle verkeerd was. Maar die kerk wou nie luister nie. Nou was daar geen ander opsie meer nie. Hy het die hamer en spykers uit sy sak gehaal, en begin om 'n plakkaat met 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittemberg vas te spyker.	
	Geluide	Hamer wat spykers inslaan	
Coenie Reon	Drama	(stap in met 'n hamer in die hand)... Ek voel so bedruk. Ek wens daar was 'n ander manier om dit te doen. As die kerk maar net wou luister. Maar hulle wou nie. Hulle wou nie meer die evangelie hoor nie. Hulle was so tevrede met hulleself.	
Oom Jannie Hennie	Voorlesing	Wat het gemaak dat Martin Luther tot so 'n drastiese stap oorgegaan het? Wat het hom beweeg om los te skeur van die magtige Rooms Katolieke Kerk van die middeleeue?	
Coenie Reon	Drama	My hele lewe lank soek al na God. Ek het in die klooster gaan bly, op soek na God. Ek het myself met soveel gesdrif daaraan toegewy dat my gesondheid ingegee het en die kloosterowerhede my gewaarsku het om my godsdiens nie so ernstig op te neem nie. Maar ek wou so graag seker wees... Ek het baie Bybelstudie gedoen. Die KloosterBybel waaruit ek gewerk het, was 'n Latynse Bybel met 'n mooi buiteblad. Ek het dit dag en nag bestudeer. Ek het antwoorde gesoek. Tog het ek nie 'n antwoord daarin gekry nie. Ek het dit gelees en gelees maar ek kon nie vrede kry nie. In my hart was daar een groot vraag: Hoe kom 'n gewone mens soos ek by God uit? Ek het later wanhopig begin raak. Ek kon nie vrede vind nie. Ek vir dae lank opgehou om te eet. Ek het myself met 'n sweep geslaan en ure lank gebid en nagte sonder slaap gebly ... en God nie gevind nie. Ek het steeds geen vrede gekry nie. Dag vir dag het ek in die biegekamer gaan sit - gebieg oor al my sonde en ellende. Ek wou so graag skoon wees. Ek wou seker wees ek is skoon. Maar elke keer wanneer ek klaar gebieg het, het ek van voor af hierdie mislukking ervaar. Dit was so 'n leegheid wat ek nie kon beskryf nie...	
Oom Jannie Hennie	Voorleser.	Op 'n dag het Martin Luther 'n wonderlike ontdekking gemaak.	

Coenie Reon	Drama	Ek was besig om Bybel te lees. Ek het by Rom 1:16-17 uitgekom: <u>"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo.</u> Dit was net ongelooflik. Vir die eerste keer in my lewe het ek dit verstaan: Ek gaan nie na God toe nie - Hy kom na my toe. Hy spreek mense vry omdat hulle glo - uit genade! Nie omdat hulle klomp goeie dade doen nie, nie omdat hulle die hele dag in 'n klooster sit en Bybel lees nie - net omdat hulle glo. Dit was te wonderlik! Die was die wonderlikste nuus wat ek nog ooit gekry het. Die hele wêreld moes dit weet: ek het die Bybel in Duits vertaal dat elke Duitser dit kan lees. Ek het liedere geskryf dat elkeen kan sing oor God se genade....enkel en alleen genade.	
Oom Jannie Hennie	Voorlesing	En so het 'n nuwe kerk ontstaan, waaruit baie jare later ook die NG Kerk gebore is. 'N Kerk wat staan op die belydenis: Slegs die Woord, slegs genade, slegs geloof. En vandag bring ons met ons nuwe liedboek, maar ook deur die verskeidenheid van ons liedere opnuut eer aan God wat ons uit genade gekies en gered het. En ons nooi u om saam met ons op te staan voor die Vors van die hemel.	
Hannes	Gemeentesang (STAANDE)	LB202:1-3 "Prys Hom die Hemelvors" "Dankoffers"	LB202:1-3 Dankoffe
		HERVORMING EN SANG?	
Liturg	Skriflesing	Psalm 98:'n Psalm. Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, want Hy het magtige dade gedoen, deur sy krag en Goddelike mag het Hy oorwin. ² Die Here het sy oorwinning bekend gemaak, aan die nasies het Hy sy reddingsdade geopenbaar. ³ Aan die huis van Israel het Hy sy liefde en sy trou herbevestig; die hele wêreld het gesien dat ons God die oorwinning behaal het. ⁴ Juig tot eer van die Here, almal op aarde, wees vrolik, juig en sing! ⁵ Sing tot eer van die Here met begeleiding van die lier, speel op die lier en sing. ⁶ Blaas die trompet en die ramshoring, jubel tot eer van die Here, die Koning. ⁷ Die see en alles daarin moet druis, die aarde en alles daarop moet juig, ⁸ die riviere moet hande klap, die berge moet saam juig ⁹ voor die Here, want Hy kom om oor die aarde te heers; Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.	Skrif
Liturg	Boodskap	Geskiedenis: mense wat deur God aangeraak is sing 'n nuwe lied.	Skrif
Oom Kobus Tannie Irma	Voorlesing	Ja, mense wat deur God aangeraak is, is singende mense. Soms met 'n glimlag om die mond; ander kere met 'n traan in die oog. Daar is liedere wat sing oor Sy grootheid, liedere wat sing van Sy sorg - die reën, liedere wat vertel van 'n stukkende wêreld, liedere waarmee ons in hierdie eeu ons geloof bely. Ja, liedere vir elke situasie. Soos daar in 1 Kron 16: 9 geskrywe staan: "Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige dade." Ons nooi u: Kom sing saam met ons 'n nuwe lied...	
MG	Gemeentesang (STAANDE)	"Kom sing 'n nuwe lied" "Ek sing vir U 'n nuwe lied" "U goedertierenheid" <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;">Suid-Spruite vorentoe</div>	komsing eksing ugoeder
		HERVORMING VANDAG	

Oom Kobus Tannie Irma	Voorleser	Vandag, op 28 Okt 2001, neem die NG Kerk 'n nuwe liedboek in gebruik. 'N Liedboek met meer as 602 liedere. Waarom 'n nuwe liedboek? Omdat die kerk nooit mag bly waar hy is nie. Ons moet tree vir tree vorentoe beweeg. Nader aan God en nader aan mekaar. En elke generasie moet nuut gaan dink oor God. Wie is Hy? Hoe is Hy? En elke generasie moet hulle geloof in God opnuut verwoord in liedere. Liedere wat eie is aan hulle tyd; liedere wat eie is aan hul mense. Liedere wat sing oor die kernwaarhede van die Bybel, maar ook liedere wat sing oor die uitdagings en geleenthede van hul tyd. Die liedere moet geskik wees vir oude en jonk, musikaal en a-musikaal. Dag vir dag en Sondag vir Sondag moet die lied van God se kinders onophoudelik weerklink deur 'n stukkende wêreld.	
		LOF	
Suid-Spruite	Suid-Spruite	Goggas Noag het 'n ark gebou Waar kry jy dit?	CD3.3 CD3.5 CD3.1
Oom Kobus Tannie Irma	Voorlesing	Ja, die Bybel sê dat kinders en suigeling bering die magtige werk wat U tot stand gebring het. En saam met die kinders sê die grootmense: Laat ons met ontsag Hom noem, in ons lied die Here noem.	
Hannes	Gemeentesang (STAANDE)	LB111:1-4 "Laat ons met ontsag Hom noem"	Suid-Spruite gaan sit LB111:1-4
			<u>DANKBAARHEID</u>
Corrie	Solo	LB556:1-2 "Vervul my hart met dankbaarheid"	LB556:1-2
		Stilgebed	Musiekgroep op Stil
Magda Tannie Waltie	Voorlesing	<u>NOGTANS</u> In elkeen van ons se lewe kom daar tye wat 'n mens vir oomblik twyfel aan God. Tye wat 'n mens sprakeloos staan oor die lyding en seer van hierdie wêreld. Dis die tyd waarvan Habakuk gesing het. 'n Tyd van kaal wingerde, leë kampe en mislukte oeste. Maar hoe wonderlik om te weet dat God juis in dië tye op so 'n spesiale manier by ons is. En daarom, is dit ook in sulke tye wat 'n mens met 'n traan in die oog vir God jou loflied sing.	
MG	Gemeentesang (SITTENDE)	LB516 "Al sou dan ook die vyeboom" LB518:1-2 "Voel jy soms" LB599:1-3 "As Hy weer kom"	Musiekgroep af LB516 (2x) LB518:1-2 LB599:1-3
Magda Tannie Waltie	Voorlesing	<u>ALLES NUUT</u> Ja, Jesus kom weer om alles nuut te maak. Hy is immers 'n God wat voortdurend verander en nuutmaak. Nie net mense nie, maar die hele skepping wag om nuutgemaak te word Soos lied 593 dit beskryf: Om ons bly die skepping sug, in die pyne van verwagting Maak U aarde vry o Heer, Alles nuut, net tot U eer! En terwyl ons uitsien na 'n nuwe aarde, dank ons God vir Sy sorg en liefde op hierdie aarde.	

Hannes	Gemeentesang (SITTENDE)	LB457:1,3 "O Hemelvader uit U hand" LB601:1-3 "Die wat die Here wil dien" LB278 & 279 "Hoor ons bid o Heer"	LB457:1,3 LB601:1-3 LB278 & 9
Liturg	Gebed		
Diakens	Offergawe	Hannes speel saggies	Afkondig
		SLOT: HERVORMING EN DIE TOEKOMS	
Pa, Tersia	Duet	LB563: "Aan U o God my dankgesange"	Duet
Hannes	Gemeentesang (STAANDE)	LB532:1-3 "O Vader neem ons hande" LB526 "Waar daar liefde liefde is"	LB532:1-3 LB526 (2x)
Liturg	Slotwoord	Ons kyk vandag terug en dank God vir mense soos Martin Luther, Johannes Calvyn en soveel ander wat die kerk gehelp het om te hervorm. Ons dank God ook vir die hervorming wat daar in ons eie tyd en veral in die laaste 20 jaar in die kerk plaasgevind het. Hervorming in sang, in liturgie, in kerkwees; Hervorming van 'n blanke kerk na 'n oop kerk - 'n kerk vir alle kinders van die Here. En soos die hervormers van ouds beseft ons vandag dat hervorming en nuutword nie maklik is nie; en dat dit dikwels met baie swaarkry en groeipyne gepaard gaan. Maar ons verbind ons vandag ook daaraan om nooit op te hou om te hervorm nie. Want saam met die God wat alles nuutmaak is ons oppad na die toekoms: met 'n belydenis op ons lippe: die Woord, geloof, genade...	
Hannes	Gemeentesang responsories (SITTENDE)	LB311:1-2 "Dit wat ons hier ontvang het"	LB311:1-2
Corrie	Solo (Seen)	LB269: "God bly met U waar U ook mag gaan"	Solo

Baie dankie aan elke helper.

Wees asb betyds by die kerk (07:30 vir 08:00 en 09:45 vir 10:15)

Staan by die kateder en praat so naby as moontlik aan die mikrofoon.

Lees asb stadig en helder.

Ontspan: God is in beheer.

Liefde en Groete

Coenie